



Is jy 'n Bok vir sports? Dan is Dagboek vir jou - bl. 4

Een, twee, drie vier, stap dié eendjies met toekennings weg - bl. 7



Die Emfuleni-munisipaliteit het glo planne vir die krisis met krag en riool - bl. 2

# Metro slaan vure dood oor brande

Jeanelle Greyling

**A**l moet die Johannesburgse nooddienste met slegs die helfte van sy brandweerwaens funksioneer, is hy deurgaans in staat om 'n doeltreffende nooddienst aan alle inwoners te bied.

Só sê Robert Mulaudzi, woordvoerder van die Johannesburgse nooddienst.

“Dit is 'n belediging om ons uit te beeld as 'n spul onprofessionele brandbestryders wat nie weet wat ons doen nie.”

Dié reaksie volg op die aantygings van inwoners van Claremont in Randburg dat die nooddienst onvoorbereid was vir die brand wat verlede week hier geïgnoreer het. Minstens 80 hutte is in die brand verwoes.

Hy sê minstens die helfte van die brandweerwaens in Johannesburg is tans in die werkwinkels “pleks daarvan dat dit die inwoners bedien”.

“Ons is veronderstel om minstens 29 operasionele brandweerwaens in die stad te hê, maar ons funksioneer tans met die helfte daarvan (sowat 14),” sê hy.

Dit neem tussen 'n week en 'n maand om die voertuie te herstel.

“Die waens is ingevoer, so die onderdele is nie plaaslik beskikbaar nie. Ons moet wag dat die onderdele bestel en afgelewer word en dié proses neem tyd.”

Hy sê die metro wil al die voertuie vervang omdat die meeste 20 jaar oud is.

“Ons het reeds vyf nuwe waens gekoop wat die gemeenskappe in Lawley, Fairview, Florida Park, Jabulani en Cos-

### Doen dit

- Voorkom brande deur jou verhitingsstoestelle af te skakel as jy nie in die omtrek is nie.
- Woon die gratis openbare onderriginiatiwe oor veiligheid by die Besafe-sentrum in jou gebied by. Skakel 011 758 5050 vir meer.

mo City bedien.”

Mulaudzi sê die eerste brandweerwa van die Brixton-stasie het binne 15 minute by die toneel in Claremont opgedaag.

“Die nooddienpersoneellede berei hulself met elke skof voor vir enige noodgeval, selfs gevaarliker as die voorval in Claremont,” sê hy.

“Ons wil dit op die rekord sit dat ons vir dié noodgeval voorbereid was. Ons het ons uiterste bes gedoen om te voorkom dat die brand na ander gebiede versprei, asook om verdere skade en lewensverlies te voorkom.”

'n Dag voor dié brand het drie vroue en 'n veiligheids wag 'n veldbrand geblus omdat die nooddienst na bewering nie by die toneel opgedaag het nie, berig *Rooipoort Record*.

Minstens agt busse is verwoes toe 'n brand verlede Maandag in Eldoradopark uitbreek het, berig *Daily Sun*.

Mulaudzi sê die brandweerwa in Eldoradopark was nie beskikbaar nie en die Rietfontein-brandweerstasie het sowat 'n halfuur later by die toneel opgedaag.



## Die vrou wat Johannesburgers bemagtig

Die openbare kunstwerk *Ndzundza/Nzunza Portrait*, wat deur die Johannesburgse kunstenaar Hannelie Coetsee geskep is, is op Vrouedag in dié stad onthul. Dié kunstwerk van 'n vrou is tien verdiepings hoog en bestaan uit 2 000 keramiekborde wat met 2,6 ton gom aangebring is. Dit beslaan 168 m<sup>2</sup>. Die kunstwerk is in tien weke voltooi en is meestal deur vroue geskep om die bemagtiging van vroue te vier. Dit huldig die eerste bewoners van die Hoëveld, die Ndzundza, wat in die vroeë 1600's hier geleef het. Hulle het inklusief geleef en invloede van ander stamme verwelkom, soos uitgebeeld in die pottebakkerswerk wat nagelaat is. Die kenmerkende haarstyle van vroue is ook beïnvloed deur vroeë tradisionele style van verskillende kulture. Die kunstwerk is teen die kant van die North City-gebou, Mellestraat 28, Braamfontein. Coetsee het dit in opdrag van City Property geskep.

Foto's: GAIL SCOTT WILSON


## KRUGERSDORP PAINT CENTRE CC

21 Rustenburg Rd. Krugersdorp West  
Tel: (011) 660 7167

Vergelyk ons PRYSE!

Belê vandag jou geld in jou grootste bate...

- Veeldoelige kontrakteurs-PVA/Utility Contractors PVA 20 liter R340
- Standaardkontrakteurs-PVA/Standard Contractors PVA 20 liter R380
- Standaardkontrakteurs-PVA/Standard Contractors PVA5 liter R110
- Fluweelglans/Velvet Sheen (Wit) 20 liter R1050
- Fluweelglans/Velvet Sheen (Wit) 5 liter R310
- Dakseëlaar-waterdigting/Roofseal Waterproofing 20 liter R580
- Dakverf suiwer akriel/Pure Acrylic Roof Paint 20 liter vanaf R650
- Micacoat 20l vanaf R750
- Micacoat 5l vanaf R230
- Kleurlose vernis 5l R260
- Hoëglans / Eierdop emalje (Wit)5l R340



VERSKEIE VELVET KLEURE BESKIKBAAR TEEN DIESELFDE PRYS AS WIT